BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 17

In Les 16 het ons al die gawes wat in die Nuwe Testament genoem word, uitgewys [Rom.12:6-8; 1Kor.12:8-10, 28-30; Ef.4:11; 1Pet.4:10-11]. Hieruit het dit duidelik geword dat God nog nuwe gawes gee aan sy kerk. Hy gee aan elke gemeente die gawes wat nodig is. In die lig van 1 Korintiërs 12-14 is 'n aantal beginsels rakende die gawes aan ons verduidelik:

- Deur die gawes bely ons dat Christus die Here is [1Kor.12:1-3].
- Gawes word gebruik tot voordeel van ander [1Kor.12:7].
- Gawes ondersteun ander gelowiges sodat hulle volledig kan groei op geestelike gebied [1Kor.12:14-26].
- Liefde is die belangrikste geestelike gawe in die kerk [1Kor.13:1-7].
- Gawes moet die kerk van die Here opbou [1Kor.14:1-5, 12].
- Gawes moet op 'n ordelike manier gebruik word [1Kor.14:26-40].

Twee besondere gawes moet deel wees van elke gelowige se lewe, naamlik: liefde en profesie. Die gawe van profesie is die vermoë om die waarheid van God so bekend te maak uit die Woord, dat dit gelowiges opbou, bemoedig en vertroos [1Kor.12:10,28].

DIE GAWE VAN GENESING/GESONDMAKING.

Waar kom siekte vandaan? Vir baie Jode in die Bybelse tyd was siekte 'n direkte gevolg van sonde, en ook van een of ander demoniese werking. Maar wat is die verband tussen siekte en sonde in 'n gelowige se lewe?

1. LEES Johannes 9:1-5.
   Wat leer Jesus ons oor sonde en siekte in veral vers 3?

Maar indien dit waar is dat slegte dinge soos siekte nie maklik as God se straf verstaan kan word nie, hoe moet ons dit dan verstaan?

2. LEES Jakobus 1:12-18.
   Watter een van die volgende stellings is volgens Jakobus die regte een:
   - God stuur slegte dinge oor ons lewe om ons te toets.
   - God gebruik slegte dinge wat in ons lewe gebeur om ons te toets?

Hoekom het Jesus mense genees en ander wonderwerke gedoen? Dit is belangrik om dit te verstaan anders kan genesingswonders in ons tyd so maklik uit verband verstaan en beoefen word. Wat was Jesus se doel met sy wonders?

3. LEES Johannes 2:1-12 [let veral op vers 11].
   Hoekom het Jesus hierdie wonder gedoen?

4. LEES Johannes 20:30-31.
   Wat leer hierdie gedeelte ons oor die doel van Jesus se wonders?

5. Baie mense praat van geloofsgenesing. Ander noem dit weer Goddelike genesing. Watter een klink vir jou reg en waarom?

6. LEES Markus 3:1-5; 5:34; 39-41; 6:5-6.
   Genees Jesus slegs mense met geloof of ook mense sonder geloof?

7. LEES 1 Timoteus 5:23.
   Wat leer hierdie teks ons oor Goddelike genesing en dokters wat medisyne voorskryf [die mediese wetenskap]?

8. LEES Jakobus 5:14-18.
   Watter belangrike beginsels word in hierdie gedeelte neergelê wanneer daar vir siek mense gebid word?

9. LEES Lukas 17:11-19.
   Watter belangrike beginsel word in hierdie gedeelte aan ons verduidelik?

B. ANTWOORDE.

1. Jesus se dissipels vra of die man se blindheid 'n teken is van God se straf of nie. Jesus se antwoord is duidelik: nie die blinde man of sy ouers se sonde het veroorsaak dat hy blind gebore is nie. Siekte is nie 'n straf nie – ten minste nie in God se kinders se lewe nie. God se straf is klaar op Jesus afgelaai. Dit is waarheen die uitdrukking "die werke van God" verwys. Letterlik staan daar: dit wat God beplan om te doen. En wat is God se plan? Dan sy Seun vir die sonde van die wêreld betaal. Toe die blinde man weer kon sien, was hy 'n voorbeeld van Jesus se verlossingswerk.
2. God gebruik slegte dinge wat in ons lewe gebeur om ons te toets.
3. Hierdie wonder het Jesus se heerlikheid duidelik gemaak. Hierdie heerlikheid wys in die eerste plek op sy mag oor die skepping. Hy het gekom om alles nuut te maak.
4. In die Johannesevangelie gaan dit oor Jesus as die Woord [Joh.1]. hy is gestuur om God se hart aan ons bekend te maak [Joh.6-7]. Alles wat Jesus doen, openbaar iets van God. Om na Jesus te kyk, is om God in aksie te sien. Daarom moet ons Jesus se wonders verstaan as dade wat vertel wie Hy regtig is. Al sy wonders bevestig sy Godheid, sy almag, sy heerlikheid en verduidelik waarvoor Hy gekom het: sodat ons wat glo kan weet dat Hy die Seun van God is wat gekom het om te verlos.
5. Goddelike genesing is reg. Geloofsgenesing impliseer dat ek op grond van my geloof genesing ontvang. Die beginsel is egter dat God genesing gee.
6. Hy genees mense met en sonder geloof.
7. Daar is mense wat net pleit vir gebedsgenesing. Ons teks stel die balans reg en verduidelik dat ook mediese behandeling deel is van God se genesing. Het God dan nie vir geleerdes die gawe gegee om medisyne te ontwikkel wat ook vir sy kinders verligting en genesing bring nie?
8. Die salwing met olie het in Jakobus se tyd die volgende betekenis gedra:
    - Dit was bekende medisyne wat gebruik was.
    - Dit was bewys van God se teenwoordigheid.

    In Jakobus 5 dui die olie waarskynlik daarop dat God se wil gesoek word. Sy wil en krag word ingeroep. So dien die salwing met olie hier as 'n simboliese handeling om God se reddende teenwoordigheid by die sieke uit te beeld. Die beginsel wat beklemtoon word is dat daar vir die sieke gebid moet word. God hoor en genees op sy tyd en volgens sy wil.

    9.Die nege melaatses wat nie omgedraai het om vir Jesus dankie te sê nie, het niks vreemds gedoen nie. In die Bybelse tyd het mense nie gedurig vir mekaar dankie gesê nie. Die feit dat hulle omgedraai en geloop het, dui aan dat hulle Hom as 'n doodgewone geneser beskou het. Die Samaritaan wat omgedraai het,

gee egter aan God alleen die eer [v18]. Hy het dadelik besef dat dit God is wat genees het [v15]. Daarom sê hy dankie omdat hy Jesus as die Seun van God beskou. Wanneer ons gesond word, moet ons leer om vir God dankie te sê – omdat Hy God is.

****